HOËRSKOOL LABORI – ALGEMENE REëLS

DOEL VAN ALGEMENE REëLS

Goeie skooldissipline is 'n belangrike eienskap van 'n skool wat doeltreffend funksioneer. Leerders leer die beste in 'n ordelike en veilige omgewing. Die doel van die gedragskode is dus om te sorg dat:

- Hoërskool Labori 'n goed georganiseerde, doeltreffende skool is waar
- 'n Akademiese atmosfeer heers en waar leer kan plaasvind.
- Hoërskool Labori wil selfdissipline en goeie gedrag bevorder en,
- Waar nodig, gedrag reguleer.

VERANTWOORDELIKHEID VAN VENNOTE

Die nodige toewyding van alle vennote: Die ouers, leerders en opvoeders, is noodsaaklik vir goeie onderwys in Hoërskool Labori. Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders berus by hulle ouers en voogde.

Niks sal 'n leerder daarvan vrystel om nie aan die gedragskode van Hoërskool Labori gehoor te gee nie.

'n Opvoeder van die Hoërskool Labori het gedurende die skooldag, asook enige klas, skoolfunksie, skooluitstappie of skoolverwante aktiwiteit, dieselfde regte van 'n ouer om die leerder te dissiplineer en beheer uit te oefen. Die skoolhoof of 'n gedelegeerde opvoeder het die reg om enige leerder te deursoek vir 'n gevaarlike wapen, dwelms (ook toetsing vir gebruik), sigarette, alkohol, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal.

Indien 'n leerder afwesig is, moet sy/haar ouer of voog die skool voor 10:00 die betrokke dag telefonies of per e-pos laat weet. Indien hy/sy nie oor 'n telefoon beskik nie, moet daar die volgende dag 'n afwesigheidsbrief, deur die ouer onderteken, ingehandig word.

Mediese- en Bestuurslisensieafsprake moet gemaak word vir ná skool.

Wanneer ‘n ouer wel vooraf met die hoof reël dat ‘n leerder dringend gedurende skoolure gehaal moet word, moet so ‘n reëling voor die tyd met die hoof getref word. Die ouer moet hom/haar dan ook deeglik vergewis van die inligting op die goedkeuringsbriefie, wat ‘n leerder vooraf by die adjunkhoof en vakonderwysers moet laat voltooi, bv. moet die leerder ‘n toets aflê die betrokke dag, of sit die leerder detensie, of wat is die volgende dag se tuiswerk. Ouers word vriendelik, dog dringend versoek om die personeel te ondersteun hierin. Leerders wat nie siek is nie, moet asseblief die skool bywoon – dit is absoluut noodsaaklik vir akademiese sukses!

DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERDERS

Leerders moet mekaar respekteer. Leerders moet respek betoon teenoor onderwysers en ander persone.

Leerders moet daarna streef om die skool doeltreffend te laat funksioneer. Leerders moet die leerproses daadwerklik ondersteun, dus in klastyd word skoolwerk gedoen, tuiswerk moet voltooi word en indien afwesig, moet werk ingehaal word. Leerders moet die skooleiendom respekteer en daarna omsien. Leerders moet mekaar en die skool se eiendom uitlos. Leerders moet die omgewing skoon en netjies hou en nie kougom kou nie. Leerders moet hulle eie naam in ere hou. Leerders moet die skool se naam in ere hou.

Die voorkoms van leerders wanneer hulle in hul skooldrag verskyn (ook in die openbaar en tydens sport- en ander uitstappies), moet altyd volgens voorskrifte wees (die dra van mussies en ander baadjies, saam met ons voorgeskrewe drag, is verbode.)

Die gebruik en besit van alkohol, dwelmmiddels, sigarette (ook esigarette) en gevaarlike wapens is verbode. Paartjies moenie hande vashou, mekaar omhels of aan mekaar hang in skoolklere of op die skoolterrein nie.

Ouers/familie/leerders van ander skole/vriende, wat dringend ‘n leerder moet sien, moet by die sekretaresses aanmeld (geselsery met persone deur hekke en heinings is verbode).

ALGEMENE REËLS

Selfone mag nie tydens klastyd gebruik word of sigbaar wees nie. Selfone mag net tydens pouses benut word. Daar sal opgetree word teen leerders wie se selfone onaanvaarbare materiaal bevat of leerders wat selfone onvanpas aanwend. GEEN elektroniese klanktoestelle (selfone uitgesluit) word op die skoolterrein toegelaat nie.

As 'n onderwyser praat moet 'n leerder stilbly. Moenie onderwysers in die rede val nie. Moenie aanmerkings op maats maak as hulle vrae vra nie. Boeke moet elke dag hier wees. Tuiswerk moet gedoen word, opdragte moet uitgevoer word en take moet op keerdatums ingehandig word. Wees betyds by klasse. Indien jy nie aan 'n aktiwiteit kan deelneem nie, moet jy vooraf om verskoning vra. Geen leerder mag gedurende periodes buite klasse wees nie, behalwe met die onderwyser se toestemming.

Leerders moet verantwoordelik optree en skooleiendom, soos bv. apparate, banke, plakkate, rekenaars en tegniese instrumente oppas en met die nodige respek hanteer.

Die kombineer van siviele-, sport- en skooldrag is verbode!

Skooltasse

Slegs die voorgeskrewe Labori skooltasse mag benut word. Indien jou tas breek, kan ‘n nuwe tas by die Finansiële kantoor aangekoop word. Slegs die leerder se naam mag op die tas geskryf word.

Reënbaadjies

Die amptelike reënbaadjie mag bo-oor die skoolbaadjie gedra word en is slegs toelaatbaar op reëndae. GEEN mussies is toelaatbaar saam met skool- of sportklere.

Skooldrag en voorkoms: Dogters

Somersdrag - Romp en wit oopnekhemp met skool se naam op sak. . Die kortmou oortrektrui met die skool se wapen is opsioneel.. Skoolbaadjie is opsioneel, maar ‘n skooldas is verpligtend daarby en skooltrui word slegs onder baadjie gedra. Wit enkellengte sokkies (nie handdoekstof) wat ten minste 3 cm omgevou is. Swart skoolskoene van leer of kunsleer

Wintersdrag **-** Romp en wit hemp. Skoolbaadjie en skooldas/erekleuredas is verpligtend. Swart skoolkouse en swart skoolskoene is verpligtend. Skooltrui mag slegs onder baadjie gedra word. Die amptelike reënbaadjie mag bo-oor die skoolbaadjie gedra word, dit is slegs toelaatbaar op reëndae. Die lengte van die romp mag nie korter as 15 cm van die grond af wees wanneer die dogter kniel nie. Slegs Labori vlootblou serpe mag gedra word. Geen ander kledingstuk word toegelaat nie. Labori kniekombersies (vlootblou) is toelaatbaar, geen ander komberse word toegelaat nie.

Hare - Hare moet te alle tye skoon en netjies wees en mag nie onnatuurlik gekleur of gekartel word nie. Lang hare moet vasgebind word. Enige byderwetse haarstyl, wat nie strook met die voorkomsreëls nie, is onaanvaarbaar. Los hare mag nie langer as die onderkant van die kraag wees nie. Dogters mag nie lang kuiwe dra nie. Dit mag nie oor die wenkbroue hang en die oë verberg nie. Stertjies word ook nie toegelaat nie. Geen haarslierte nie, loshangende hare moet vasgesteek word.

Slegs effekleurige, rooi/vlootblou/wit dun haarbande (of sg. ‘Alice Bands’), linte en handdoekstof-rekkies mag gedra word. Haarknippies, kammetjies ens. moet die kleur van die hare of van die skool (rooi, blou) wees en geen motiewe word toegelaat nie. Jel mag slegs gebruik word om kort hare binne die reëls te stileer.

Naels - Moet goed versorg en kort wees. Mag by geen vingerpunte verbysteek nie. Geen naelpolitoer mag gebruik word nie. ***Grimering***. - Geen grimering van watter aard ookal word by die skool- en sportdrag toegelaat nie.

Juweliersware - Geen ringe, hangertjies, armbande of kettings word by skooldrag toegelaat nie. Dit geld ook vir besoeke aan die dorp en skoolaktiwiteite. Slegs horlosies en amptelike mediese kettings word toegelaat. Enige ander juweliersware sal gekonfiskeer word. Geen tongringe en “piercings” word toegelaat nie.

Oorbelle - Slegs knoppies-oorbelle (maksimum 3 mm deursnee) en klein 1 cm grootte ringetjies mag gedra word. Slegs een paar oorbelle in laagste gaatjies in die oorlel is toelaatbaar.

Tatoeërmerke **-** Tatoeërmerke is ontoelaatbaar. Bestaande tatoeërmerke moet bedek wees wanneer ‘n leerder haar skool- of sportdrag dra.

Balkies. - Slegs die skoolwapen, VRL-, Koshuisprefek-, Akademiese- en skoolverenigingbalkies en Gr. 12 balkies mag gedra word.

Skooldrag en voorkoms: Seuns

Somersdrag **-** Grys lang- of kort broek en wit oopnekhemp met skool se naam op sak of wit hemp met skooldas of erekleuredas. Die kortmou oortrektrui met die skool se wapen is opsioneel. Saam met kortbroek en Langbroek (met gordel), word slegs grys skoolkouse toegelaat). Die skoolbaadjie is opsioneel, maar moet met ‘n das gedra word. Die skooltrui word slegs onder baadjies gedra. Swart skoolskoene met veters.

Wintersdrag **-** Grys langbroek met ‘n swart gordel en wit hemp vir das. Skoolbaadjie en skooldas/ere-kleuredas (verpligtend). Grys skoolsokkies (verpligtend). Skooltrui (slegs onder baadjie). Swart skoolskoene met veters(nie stewels). Die amptelike reënbaadjie mag bo-oor die skoolbaadjie gedra word op reëndae. ***Swart Skoolskoene*** **-** Skoolskoene moet van swart leer of kunsleer gemaak wees (nie van seil nie), terwyl die voetsool onder die leer/kunsleergedeelte ook swart van kleur moet wees. Skoenveters moet vasgemaak wees.

Hare **-** Hare moet deurgaans skoon en netjies gekam wees. Hare mag nie die ore raak nie, moet egalig opgesny word, mag nie in die nek krul of op die boordjie hang nie. Hare mag nie korter as ‘n “Nr. 2”-kammetjie gesny word nie. Die sogenaamde “english cut”, “step” en ander soortgelyke snitte is verbode. Seuns mag nie lang kuiwe of stertjies dra nie en ook nie hare kleur of kartel of vleg nie. Wenkbroue met geskeerde snitte en patrone is ontoelaatbaar. Wangbaarde mag nie laer as die middel van die oor wees nie. Jel mag slegs gebruik word om kort hare plat te hou. Dit mag dus nie gebruik word om hare wat te lank is te verdoesel nie. Opgekamde kuiwe wat oor die oë hang wanneer dit vorentoe gekam word, is ook ontoelaatbaar. Kuiwe wat regop staan, mag nie hoër uitstaan as die res van die hare nie. ***Skeer*** - Seuns moet te alle tye geskeer wees en mag nie 'n baard of snor laat groei nie.

Naels **-** Moet goed versorg en kort wees. Mag by geen vingerpunte verbysteek nie. Geen naelpolitoer mag gebruik word nie.

Tatoeërmerke **-** Tatoeërmerke is ontoelaatbaar. Bestaande tatoeërmerke moet bedek wees wanneer ‘n leerder sy skool- of sportdrag dra.

Juweliersware - Geen ringe, hangertjies, armbande, kettings, oorbelle of oorringetjies word by die skooldrag toegelaat nie. Dit geld ook vir besoeke aan die dorp en skoolaktiwiteite. Juweliersware sal gekonfiskeer word. Slegs horlosie en amptelike mediese kettings word toegelaat.

Balkies. - Slegs die skoolwapen, VRL-, Koshuisprefek-, Akademiese- en skoolverenigingbalkies en Gr. 12 balkies mag gedra word.